

Nico van  
Gijsen



Raad met jou

**A**n die begin van 'n nuwe jaar is dit altyd goed om saam met al daardie Nuwejaarsvoornemens ook vars te kyk na jou geldsake. En die manier om seker te maak dat jy op die regte pad is, is om behoorlike boedelbeplanning te doen, of verkieslik, te laat doen.

Maar wat behels boedelbeplanning? Is dit net 'n manier om polisse te verkoop? Is dit spaar vir aftrede? Is dit om te soek na maniere om boedelbelasting te verminder?

Nee. Ek hou van die definisie van adv. David Meyerowitz SC, vir baie jare die toonaangewende belastingkundige, skrywer van talle handboeke en sekerlik die enkele grootste gesag oor belasting in ons land wat steeds in ons hoogste hof aangehaal word, se definisie van boedelbeplanning.

Hier is dit opsommend: Jou boedelplan moet verseker dat jy die genieting van jou bates het gedurende jou leeftyd en dat jou gesin en jou naasbestaendes kan voortgaan om dit te geniet, selfs ná jou dood, maak nie saak wanneer die dood intree nie. Wat vir my interessant is hiervan, is dat hy glad nie eens melding maak van die besparing van boedelbelasting as beplanningsdoelwit nie.

Die beperking van belasting is natuurlik 'n oogmerk in 'n omvattende boedelplan, maar dit is nie die doel op sigself nie. Ons het kliënte wat weet hulle gaan miljoene aan boedelbelasting moet betaal ná hul dood, maar hulle is tevrede daarmee en ons het beplan daarvoor omdat dit wat hulle probeer bereik ná die dood nie andersins haalbaar sou wees nie. Jy kan eenvoudig nie toelaat dat die belastingstert die beplanningshond swaai nie.

#### Min of baie, jy móét beplan

Nou goed, jy kry boedels en dan kry jy boedels. Sommiges is klein, net 'n paar miljoen rand in totaal. Ander is groot, selfs etlike honderde miljoene rande groot. Is dit vir die een minder belangrik as die ander om reg te beplan?

Natuurlik nie. Of jy min het, of baie, dit wat jy het moet op die sinvolste manier aangewend word om gedurende jou

# Só lyk 'n goeie boedelplan

Of jy min het, of baie, wat jy het moet op die sinvolste manier aangewend word

leefyd vir jou die lewensgenieting wat jy kan bekostig te voorsien. En ná jou dood moet jou naasbestaendes die vrugte kan pluk van jou sorgsaamheid en voorsiening.

As vertrekpunt meen ek moet jy kyk na buigsamheid. 'n Te rigiede boedelplan kan jou duur te staan kom, ook vir jou naasbestaendes. Ons sien gereeld mense wat gefrustreerd sit met byvoorbeeld eiendom in 'n trust wat nooit in 'n trust behoort te gewees het nie, bloot omdat hulle na die een of ander trustsmous se stories oor boedelbelasting geluister het.

#### Voorsiening vir alles

'n Goeie boedelplan moet belasting in ag neem. Nie net boedelbelasting nie, maar ook ander belasting, soos kapitaalwinst- en inkomstebelasting.

Daar moet gesorg word vir likiditeit in die boedel. Is daar genoeg geld as jy die dag sterf om jou boedelverpligtinge na te kom? Uitstaande belasting, sterfbedkoste, eksekuteurskoste, boedeluittgawes, kontantbemakings en alle uitstaande skuld moet deur die beskikbare kontant in die boedel gedek word, anders gaan die eksekuteur moet bates verkoop om boedel-

verpligtinge na te kom. En dit kan potensiële erfgename te na kom.

Daar moet genoegsaam voorsiening gemaak word vir die skep van welvaart. Om te kan aftree. Om te voorsien vir 'n langlewende gade. Om te voorsien vir kinders wat dalk wil gaan studeer. Om jou te beskerm teen insolvensie en ander finansiële risiko's.

As jy klein begin, sal die klem val op die skep van welvaart en voorsiening vir finansiële risiko's. En soos wat jy meer welvarend raak, kan jy begin kyk na strukture wat verder sal help met die beperking van finansiële risiko's.

#### Jou plan het twee bene

'n Boedelplan het breedweg gesien twee bene. Daar is die regsbeen, waarin meer as 50 stukke wetgewing 'n rol speel. 'n Groot rede om 'n kundige wat spesialiseer hierin te nader om jou by te staan.

En dan is daar die finansiële been. Hoe om by jou spaardoelwitte uit te kom. Hoe om vir naasbestaendes voorsiening te maak as jy skielik nie meer kan nie. En so meer. Hierin speel die versekeringsbedryf 'n uiters belangrike rol, want hulle bied oplossings vir finansiële probleme.

Aftrede is 'n finansiële probleem. So is

skuld. En so is onderhoud van 'n oorlewende gade en kinders.

#### Die regte vrae

Ek het baie gesê, maar waar begin jy?

As jy jonk is en aan die begin van jou finansiële lewe, begin by jou finansiële risiko's. Vra die "wat as ...?"-vrae. Wat as ek doodgaan? Wat as ek verlam raak? En dan, hoeveel is genoeg vir aftrede? Hoe gaan ek daarby uitkom? Hoe skep ek welvaart en hoe behou ek dit wat ek bymekaar gemaak het?

As jy by 'n meer gevorderde punt in jou lewe is, is die testament vir my altyd 'n goeie plek om te begin. Ja, jy moet sorg dat jou geld reg belê is om 'n lewenslange inkomste te verseker, maar jy moet ook verder kyk.

Hoe jy bemaak, sal gou wys waar tekorte is en wat nodig is om jou naasbestaendes te versorg.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

